HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

Beste Ouers & Voogde

Dit is met groot opgewondenheid dat ons as skool die **GRAADKAMPE VIR 2026** aankondig, wat gedurende die laaste week van die eerste kwartaal sal plaasvind. Hierdie spesiale kampe vorm deel van ons vieringe rondom ons skool se 100ste bestaansjaar – ’n merkwaardige mylpaal wat ons graag op ’n betekenisvolle wyse op verskeie maniere in 2026 wil vier.

Na terugvoer van ouers en leerders die afgelope twee jaar, het ons besluit om die graadkampe langer te maak en weg van die skoolgronde aan te bied. Ons glo vas in die waarde van buitemuurse leer, spanbou, persoonlike groei en die versterking van verhoudings tussen maats en personeel.

Elke graad sal vanaf **Maandag, 23 Maart tot Woensdag, 25 Maart (2 dae, 2 nagte)** kamp. Pragtige kampeerterreine is reeds geïdentifiseer, gepas vir elke graad se behoeftes: Disakloof (Betty’s Baai); Kogelberg Hostel (Grabouw); Back2Basics (Grabouw); Bainskloof (Wellington) ens.

Ons werk saam met die ervare maatskappy, *Venture Forth international*, wat reeds vir baie jare kampe vir talle skole aanbied – en met ’n uitstekende veiligheidsrekord spog. Hulle fasiliteerders is ervare en gekwalifiseerd. Skole wat hul gebruik, getuig van herhaalde, gevestigde, suksesvolle en betekenisvolle ervarings.

Ons glo dat hierdie kampe nie net ’n hoogtepunt vir volgende jaar sal wees nie, maar ook die begin van ‘n lang en waardevolle tradisie sal word waarop ons jaar na jaar kan voortbou. Ons sien met groot opgewondenheid uit daarna om saam met hierdie ervare avontuursmaatskappy ’n pad van groei, leer en herinneringe te stap – nie net vir 2026 nie, maar ook vir die jare wat volg sodat ons elke jaar op die waardevolle ervaring kan voortbou.

Die kampfooi beloop **R1950 per leerder** en sluit busvervoer, 6 etes, fasiliteite, fasiliteerders en al die aktiwiteite in. Om die betalingsproses makliker te maak, stel ons die volgende betaalplan via *Karri* voor:

- **R450 deposito** – betaalbaar teen 1 Oktober 2025
- Daarna maandelikse paaiemente van **R300 elk**: Oktober 2025 tot Februarie 2026 of ’n eenmalige uitstaande bedrag (’n nuwe Karri-lys sal op 2 Oktober hiervoor open).

Die laaste betaling moet asseblief teen einde-Februarie 2026 afgehandel word. Daar sal ook op Karri weer die opsie wees indien u graag ’n finansiële bydrae wil maak vir ander leerders.

Ons besef dat daar uitdagings mag wees en ons wil u gerusstel dat ons oop is vir kommunikasie en ondersteuning waar moontlik. Vir enige onmiddellike navrae, kontak gerus me. Huibrecht Steyn (huibrecht.steyn@janvanriebeeck.co.za). U kind se graadhoof sal in 2026 verdere kommunikasie hanteer.

Baie dankie vir u volgehoue samewerking en ondersteuning. Ons sien uit na ’n gedenkwaardige, veilige en opbouende kampervaring vir al ons Jan van Riebeeckers!

Vriendelike groete

Rademeyer

**PIETER RADEMEYER**
**SKOOLHOOF**
18 September 2025